

3

VOETEWASSING

Jesus was sy dissipels se voete

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons mekaar moet help.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- waarom Jesus sy dissipels se voete gewas het.
- dat Jesus ons met sy hele lewe gedien het.
- wat hulle vir mekaar moet doen.

Gesindheid

Die kinders moet graag iets goed vir mekaar wil doen.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om prakties iets vir mekaar te doen.

MEER INLIGTING (Johannes 13: 1-17)

Jesus was baie lief vir sy dissipels. Terwyl Jesus en sy dissipels besig was om te eet, het Hy van die tafel af opgestaan. Hy het sy bokleed uitgetrek en 'n doek om sy lyf vasgemaak. Slawe het dit gewoonlik gedoen wanneer hulle mense bedien het. Jesus het water in 'n bak gegooi. Hy het begin om die dissipels se voete te was. Nadat Hy hul voete gewas het, het Hy dit afgedroog met die doek wat om sy lyf was. Toe Hy sy dissipels se voete gewas het, het Hy gewys dat kinders van die Here hul medemens moet liefhê en dien.

Petrus wou nie hê dat Jesus sy voete was nie. Jesus het vir hom gesê dat as Hy nie sy voete was nie, kon Petrus nie sy dissipel wees nie. Jesus wou vir sy dissipels leer dat as jy sy dissipel wil wees, moet jy ook soos Hy ander se voete was, dus iets goed vir ander doen. Hy was vir

hulle 'n goeie voorbeeld. Hy het hulle gevra om ook mekaar se voete te was. Hy het daarmee bedoel dat hulle vir mekaar moet sorg en omgee. Nie net vir mekaar nie, maar vir alle mense. Dit sal hulle gelukkige mense maak.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Skottel met water.
- 'n Handdoek.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders hul sketse wys van wat met die boontjiesade gebeur het, en lees wat hulle geskryf het.

| Dag 1 | Dag 3 | Dag 7-10 |
|--|--|--|
| Teken die boontjiesaad | Teken wat jy sien van die boontjiesaad | Teken wat jy sien van die boontjiesaad |
| Skryf hieronder wat gebeur daarmee: Die boontjiesaad groei nog nie | Ek sien vandag | Nou het |

- Herinner hulle weer wat om verder te doen:
 - Laat hulle die plantjie buite in die tuin gaan plant.
 - Laat hulle seker maak dat hulle nie die wortels beskadig nie.
 - Hulle kan dit die eerste twee dae met takkies beskerm teen direkte sonlig.
 - Hulle moet die plantjie gereeld natgooi.
 - As hul plantjie groot word en peule dra, kan hulle dit eet.
 - Verduidelik dat alles tot hier deel is van ons opdrag om die skepping te bewerk en te versorg.
- Kontroleer of hulle die volgende ken: (Onthou dat hul boeke in die toekoms altyd toe moet wees wanneer leerwerk gekontroleer word.)
 - Waaruit het God die hemel en die aarde geskep? (*God het die hemel en die aarde uit niks geskep.*)
 - Kan mense ook iets skep? (*Ja, maar net uit iets wat God reeds geskep het.*)
 - Wie hou die skepping elke dag in stand? (*God hou elke dag sy skepping in stand.*)
 - Wie het alles geskep wat ons ooit nodig sal kry? (*God.*)
- Laat hulle die sinne voltooi:
 - Ons moet elke dag (*vir God dankie sê*) vir alles wat Hy geskep het.
 - Ons moet die skepping (*bewerk, versorg en oppas.*)
 - God alleen het die mag om sade in (*vrugte en groente*) te verander.
- Ken hulle nog die teks van Genesis 1: 31? *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ek gaan vandag vir julle vertel van iets wonderlik wat Jesus vir sy dissipels gedoen het. Ek gaan ook vir julle wys wat Jesus gedoen het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel hoe Jesus sy dissipels se voete gewas het. Vra vrae en verduidelik die inhoud soos volg:

Wie van julle was jul hande voordat julle eet? Ja, ons behoort eintlik almal eers ons hande te was voordat ons eet. Wie van julle weet dat hulle in Jesus se tyd nie net hande nie, maar ook voete voor etenstyd gewas het? Hoekom dink julle het die mense van Jesus se tyd ook hul voete gewas?

In die land waar Jesus en sy vriende gewoon het, was dit baie warm en stowwerig. Die mense het sandale gedra en omdat hulle oral heen moes loop, het hul voete baie vuil geword. Daarom het 'n bediende eers almal se voete gewas voordat hulle geëet het.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- In die land waar Jesus gewoon het, was dit baie warm en stowwerig.
- Mense se voete het baie vuil geword.
- 'n Bediende het almal se voete gewas voordat hulle geëet het.
- Jesus was baie lief vir sy dissipels.
- Hy het soos 'n bediende sy dissipels se voete gewas.
- Daarmee het Hy gewys dat kinders van die Here mekaar moet liefhê en dien.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle gou almal hul skoene uittrek. Begin dan om die kinders se voete te was. Vra die volgende vrae, en laat soveel kinders moontlik 'n kans kry om te antwoord:

Hoe het dit gevoel toe ek vandag jul voete gewas het? Het dit julle ongemaklik laat voel? Dit voel dalk nie reg dat 'n grootmens jou voete was nie. Julle is mos eintlik al groot genoeg om self jul voete te was. Dink julle ek het vandag jul voete gewas omdat dit vuil is? Nee, ek het jul voete gewas omdat ek lief is vir julle, omdat ek vir julle omgee en omdat ek ook graag wil hê dat julle vir ander mense moet lief wees en omgee. Wie van julle sal nou my voete was?

Laat een van die kinders jou voete was terwyl julle weer gesels oor die betekenis daarvan.

Is voetewas die enigste manier om vir mense te wys ons is lief vir hulle en gee vir hulle om? Nee, daar is baie ander dinge wat ons vir mense kan doen. Kom ons dink saam aan 'n paar voorbeelde.

Laat hulle voorbeelde opnoem en help waar nodig. Jy kan byvoorbeeld jou ma help om die skottelgoed te was, of jou pa in die tuin help, of jou boetie of sussie help om die huis aan die

kant te maak. Jy kan vir iemand in die ouetehuis inkopies doen, vir arm kinders by die skool iets gee om te eet, en baie ander goeie dade.)

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle die volgende in hul boeke gaan doen:
 - Kleur die skets van Jesus in die eerste raampie in.
 - Soek vier prente van mense wat diens lewer.
 - Plak die prente in die volgende raampies.
 - As hulle nie genoeg prentjies kry nie, kan hulle prentjies van dienslewering teken.
 - Teken in die laaste raampie 'n prentjie van iemand wat diens lewer.
 - Kleur die prentjies in en versier die bladsy mooi.
- Laat hulle prakties vir iemand by hul huis 'n guns gaan doen.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- In die land waar Jesus gewoon het, was dit baie warm en stowwerig.
- Mense se voete het baie vuil geword.
- 'n Bediende het almal se voete gewas voordat hulle geëet het.
- Jesus was baie lief vir sy dissipels.
- Hy het soos 'n bediende sy dissipels se voete gewas.
- Daarmee het Hy gewys dat kinders van die Here mekaar moet liefhê en dien.
- ...soos *Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.* (Johannes 13: 15)

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 528: 1 te sing of dit as 'n gebed te gebruik:

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil. Amen.*

Belangrik:

Herinner die kinders daaraan dat hul ouers volgende week moet saamkom klas toe.